

Jerzy Koch

Jerzy Koch is verbonde aan die Universiteit Wrocław, die Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań (Pole). Hy is ook 'n navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
E-pos: jerzykoch@poczta.fm

Oor literêre geskiedskrywing en Suid-Afrikaanse studies in Europa: Hoe om die eksotiese vertrouwd te maak

On literary historiography and South African Studies in Europe

This article is an adapted and elaborated version of the memorial lecture (sponsored by the National Afrikaans Literature Museum and Research Centre in Bloemfontein) delivered in Potchefstroom on 4 March 2005. My encounter with the famous scholar P. J. Nienaber prompted deeper reflection on literary historiography and education methodology at tertiary institutions. The core question of the essay is to which extent the traditional way of thinking about Afrikaans literature, as applied in South Africa, should be rewritten when the Afrikaans literary historical process is explained to an external, foreign target audience. I argue from my experience as the author of a history of Afrikaans literature written for an European audience. The second related issue under investigation and supplied with examples is in connection with the new field of study "South African Studies" as it is planned and being realised in Poland. Here I go deeper into the question of what the possibilities of knowledge transfer are when the object of study is an exotic reality as well as ways of familiarizing it. The idea is that the new Polish curriculum should benefit the student in two ways: to transfer a certain amount of knowledge and, by this indirect route, give new insights into the student's own familiar reality. **Key words:** Literary historiography, Afrikaans literary history, Afrikaans outside South Africa, South African Studies.

Inleiding

Ek het Petrus Johannes Nienaber self geken.¹ Dit was tydens my tweede besoek aan Suid-Afrika – in September 1992 – dat ek hom ontmoet het. Kollegas van die Universiteit van die Vrystaat het dit belangrik gevind om my in kontak te bring met een van die Nienabers van Erfdraai en 'n lewende legende van die Afrikaanse lettere. Op daardie stadium het ek net geweet dat hy outeur was van *Die Afrikaanse roman-tematologie* (1938) en dat hy vir jare *Perspektief en profiel* (1951) geredigeer het – twee boeke wat ek toe kort tevore in Leuven in België begin lees het. Sy ouer broer Gawie (eintlik G. S. – Gabriël Stephanus) het ek nog gedurig met hom verwar en van die bestaan van die derde broerskind, die literator Stoffel (Christoffel Johannes Michael), het ek eers een jaar later te wete gekom toe ek sy eksperimentele roman *Keerweer* (1946) tweedehands gekoop het. Dalk was hierdie gretige aanskaaf van Afrikaanse boeke by my die soveelste simptoom van "boekmalaria" – soos P.J. Nienaber dit self genoem het – dit wil sê die versamelwoede om Afrikaanse boeke te soek, te koop en te bewaar.

Toe ek vir P. J. Nienaber ontmoet het, ten spyte van die feit dat hy al oud en sieklik was, het ons lekker koffie gedrink en gesels en het hy baie belangstelling getoon vir die Afrikaanse kursus wat ek in Pole ingestel het. Die ontmoeting met P. J. Nienaber het presies op 24 September 1992 plaasgevind. Dit is in my geheue ingebrand deur die inskripsie daarvan in *Digters en digkuns* (1991 [1962]), 'n bloemlesing wat hy toe vir my present gegee het. Meer as twaalf jaar later lewer ek die Nienaber-gedenklesing en die rede hiervoor is die prestigesaamtrek rondom die Afrikaanse leeskringkultuur georganiseer deur die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). Dit is vir my 'n groot voorreg en om hulde te bring aan P. J. Nienaber, die Afrikaanse literatuur en daarom het ek besluit om in my lesing die ou gesprek met die beroemde Suid-Afrikaanse literator voort te sit en te verdiep en sodoende 'n werklike gedenklesing te hou. Want hoe kan ek hom beter gedenk as om my oor die oorsese belangstelling vir Suid-Afrika en Afrikaans te besin? Hy het immers soos 'n besetene gewerk, besiel deur sy liefde vir boeke, literatuur en taal. Ek wil dus graag nader ingaan op enkele probleme in verband met die Afrikaanse literêre geskiedskrywing en die werk van die buitelandse dosent wat op die gebied van die Suid-Afrikaanse studies aktief is.

Literêre geskiedskrywing

Einde 2004 het my boek oor die Afrikaanse letterkunde verskyn. Die volle titel lui *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse letterkunde. Afrikaanse literatuur. 17de–19de eeu*. Hierdie boek het ek in Pools geskryf en die oorspronklike titel is *Historia literatury poludniowoafrykańskiej. Literatura afrikaans XVII–XIX wiek*. Die uitgewer is Akademiese Uitgewery Dialog (Wydawnictwo Akademickie "Dialog"), wat in vakliteratuur oor Asië en Afrika spesialiseer. Die eerste oplaag was 'n duisend eksemplare. Besonder aan hierdie publikasie is dat dit oorsee ontstaan het en dat die skrywer nie 'n Suid-Afrikaner is nie, maar Pool.

Die tweede merkwaardigheid is dat daar twee owerheidsinstellings in die Europese land, Pole, wat geld bewillig het vir die publikasie. Dit was die Poolse ministerie vir Nasionale Onderwys en Sport wat, saam met die Filologiese Fakulteit van die Universiteit Wroclaw finansiële middele tot beskikking gestel het. In totaal gaan dit oor 'n goeie 33 000 zloty's, dus 67 000 rand. Dit lyk dus of my landgenote wat die wetenskaplike belange van Pole behartig, die relevansie van die navorsing rondom verskillende kulture, tale en letterkundes insien en reken dat ook klein en verre taalgebiede dit verdien om bestudeer te word.

Ten derde is hierdie boek – na my wete – die eerste geskiedenis van die Afrikaanse literatuur wat in die buiteland gemaak is. Rob Antonissen se *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche letterkunde* uit 1946 kan 'n mens daarlaas. Sy tweedelige werk (wat uit 'n literêrhistoriese studie en 'n bloemlesing bestaan) is beslis die eer-

volle vermelding werd, maar is immers oud – in 2006 was dit sestig jaar sedert Antonissen sy geskiedenis in die Vlaams-Brabantse Diest laat verskyn het. Die ander studie wat ’n mens op die eerste gesig tot hierdie kategorie sou kon reken, is *A History of Afrikaans Literature* uit 1993 wat John Kannemeyer in Afrikaans geskryf het en Elaine Ridge in Engels vertaal het. Laasgenoemde boek is geskryf met die oog op die Suid-Afrikaanse mark, vir die plaaslike publiek dus, wat geen Afrikaans lees nie. Kannemeyer se boek – op die omslag pryk die woord “Die Beiteljtjie” wat na die bekende gedig van N. P. van Wyk Louw verwys – was ’n deel van die RGN-projek om verskillende Suid-Afrikaanse literêre tradisies vir ander landgenote bekend te stel. Daar het nog twee ander boeke uitgekome naamlik Malvern van Wyk Smith se *Grounds of Contest. A Survey of South African English Literature* (1990) en D. B. Ntuli en C. F. Swanepoel se *Southern African Literatures in African Languages. A Concise Historical Perspective* (1993). Hierdie breed opgesette, maar nooit gefinaliseerde reeks was immers vir die interne Suid-Afrikaanse mark bedoel.

Die ander boeke waaraan ’n mens in hierdie verband sou kon dink is Michael Chapman se *Southern African Literatures* (1996) of die onlangse *A History of South African Literature* (2004) van Christopher Heywood. By nader beskouing blyk dat ook hierdie titel geskryf is vanuit ’n ander invalshoek. Chapman en Heywood is Suid-Afrikaners van oorsprong en in hulle boeke veronderstel hulle (ten spyte van die uitgewers se uitlatings op die flaptekste en ander uitsprake van die literatore self) sekere kennis van die geskiedenis van Suid-Afrika en ander elemente van die *Landeskunde*. Elkeen probeer op sy eie manier die konsep van die Suid-Afrikaanse letterkunde as een literatuursisteem uit te werk en omvat literêre tradisies in verskillende tale. Uit die keuse van Engels as die medium van hulle studies maak hulle weliswaar profyt by die verspreiding van hulle idees, maar tegelyk strek dit tot die nadeel omdat by die bepaling van hulle verwysingsraamwerk rekening met die veronderstelde leser gehou is en te veel aannames en toegewings gemaak moes word. Dit wil dus voorkom dat my boek daadwerklik die eerste in sy soort is – ’n geskiedenis van die Nederlands-Afrikaanse literêre tradisie geskryf in die Poolse taal en gerig op die buitelandse (Midde-Europese) mark.

Die ontstaan van my boek is in sekere sin te danke aan Poolse studente aan wie ek sedert die begin jare negentig, onderwyl ek myself nog aan die leer was, die Afrikaanse letterkunde onderrig het – want die ontstaan van ’n literêrhistoriese sintese vat baie rypingsjare en omvat baie pogings. Die studente het die uitdaging daargestel om die ontwikkeling van die letterkunde in Suid-Afrika so verstaanbaar moontlik te verduidelik. In hierdie proses, die een kant op en die ander kant af, moes ek ’n benadering tot die Afrikaanse literatuur ontwikkel wat sou inpas by die buitelandse didaktiese situasie. Die aanwesigheid van die studente Nederlands en Engels wat my aandag gevra het, die noodsaak om die vreemde literatuur nader aan hulle te bring, was die begin. Die beperkings verbonde aan klasgee aan ’n anderstalige universiteit

in 'n verre land het die uitdaging net vergroot. My lesings het altyd 'n materiële, tasbare spoor nagelaat: notas, opmerkings, beskrywings van afsonderlike werke en tendense, interpretasies en herinterpretasies, kortom: literêre geskiedskrywing en geskied(her)s krywing. Dit alles het gelei tot die skryf van die boek wat op die ou end 452 bladsye sou tel.

'n Verdere rede hoekom die publikasie van die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur in Pools opmerklik is: die subsidie van die Poolse ministerie en my eie fakulteit is bewillig vir die drukkoste van my boek. Daar is met ander woorde geen sent vir navorsing self bewillig nie.

In die geval van elke buitelandse literatuurgeskiedenis, wat ook al die streek en sy taal mag wees, gaan dit altyd oor enkele vaste probleemvrae, naamlik: Hoe gaan ek te werk met die lees, en in watter mate sluit ek aan by die bestaande kanon van literêre werke? Hoe selekteer ek tekste wat opgeneem moet word en hoe kontekstualiseer ek die bespreking in die historiese en sosiale kader? Wat is die beste manier om die dinamiek van die literêre ontwikkeling voor te stel? Hoe moet ek my eie verhaal rondom die literatuur skryf of – om die Franse terme van Ferdinand de Saussure te gebruik – hoe moet my *parole* van die konkrete “geskiedenis” ontspring aan die literatuur uit die *langue*-versameling van literêre prosesse, gebeure en tekste uit verskillende periodes, geskryf vanuit talryke ideologiese en artistieke posisies? Is dit beter om die tradisionele benaderings te reproduseer of om 'n persoonlike, individuele visie te opper? Moet ek op die kontinuïteit die klemtoon lê of op die kentering? Is die geskiedenis van die literêre produksie meer insiggewend as die geskiedenis van die literêre resepsie?

Dit alles word in die Suid-Afrikaanse geval vergroot deur die komplekse talige, etniese en rassekonteks. Omdat ek in my literatuurgeskiedenis die koloniale tydperk beskryf – dit wil sê die periode tussen 1652 en 1900 – moet dit met baie sorg voorgestel word. Watter opsie 'n mens ook kies, jy moet rekening hou met die buitelandse leser wat slegs 'n beperkte kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kultuur het, en partykeer 'n moontlik foutiewe een daarby. Een van die belangrike kwessies is die wyse waarop jy die sosiale, politieke en kulturele informasie verskaf. Historiese en kulturele agtergronde word vanselfsprekend in my boek breedweg geskets. Nie net in die inleidende gedeeltes waarvan elke hoofstuk voorsien is nie, maar in die uiteensetting self. Die leser tref byvoorbeeld baie informasie oor die Khoekhoen in die paragrawe oor die dagboekgeskrifte uit die VOC-tyd aan, en baie gegewens oor die slawe is te vinde in die hoofstuk oor die Arabies-Afrikaanse tekste. 'n Ondersteunende rol vervul daarby die gedetailleerde en lang kalendarium uit die geskiedenis van die land. Ek het baie nadruk gelê op die feit dat die ontwikkeling en bloei van die literatuur deur die historiese ontwikkeling omlyn word.

'n Mens moet in die geval van hierdie boek verder onthou dat die patrone wat reeds in die literêre historiografie bestaan, kortom die gesaghebbende Afrikaanse literatuurgeskiednisse, geen bruikbare modelle vir my kon bied nie. Daar is ook

geen buitelandse prototipes in Engels, Nederlands of Duits, geen kant-en-klaar voorbeeld van hoe jy die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse letterkunde vir die buiteland uitteen behoort te sit nie. Ek moes herhaaldelik weer vasstel dat my boek die eerste aanbieding van die Suid-Afrikaanse skriftelike tradisie in en vir die buiteland was. Ek het beplan om so te skryf dat die Pole dit goed sou kon verstaan en dalk ook Tsjegge, Russe of Duitsers indien die boek later vertaal word.

In teenstelling tot die klassieke Afrikaanse literatuurgeskiedenis van Gerrit Dekker, Rob Antonissen en John Kannemeyer het ek nie van 'n vasomlynde estetiese kriterium uitgegaan nie. Die manier waarop hulle die ondersoekterrein afgebaken het, was aan hulle tyd gebonde. Hulle het vir hulle lesers en om hulle eie redes die Afrikaanse literatuur op 'n sekere manier gedefinieer. Veral deur na die *belles lettres*, skone lettere, te verwys of deur uit te gaan van wat 'n deursneeleser as literatuur aanvaar – dit kom feitelik neer op 'n goed-leesbare teks wat fiksioneel is en reeds in die kanon opgeneem is of in die proses is om opgeneem te word. Ek is ook gebonde, maar aan my tyd en aan my lesers. Deesdae is ook ander soorte tekste objek van literatuurwetenskaplikes se belangstelling. Die spektrum is breër en sluit byvoorbeeld outobiografiese geskrifte, reistekste, liedjies en folklore uit die volksmond in. As buitelandster moet 'n mens daarmee rekening hou.

Die ander verskil in aanpak was dat ek die talige kriterium wat die literatuurhistorici voor my aangeneem het, nie kon en wou hanteer nie. Vir my begin die Afrikaanse letterkunde nie by tekste in die gestandaardiseerde Afrikaans nie. Nie omdat ek as Nederlandikus van opleiding gevoelig is vir Nederlands nie, maar omdat die literêre tradisie in Afrikaans nie met die taal se amptelike aanvaarding of met die Afrikaner se eie aanvaarding en erkenning van die taal begin het nie. Laasgenoemde het trouens baie later geskied as in 1875 met die GRA-manne, hoewel baie letterkundiges oor die hele 20ste eeu ons wou laat glo het dat die werklike begin die openlike opkoms vir die Taal deur die GRA was. Dit was nie. 'n Mens kan as voorbeeld noem dat die meeste Afrikaners het hulle entoesiasme toe sieklik en die “moderne” Patriotspelling aardig gevind. Hulle voorstelle rondom die “Hotnotstaal” is verwerp en tot aan die begin van die 20ste eeu was daar in Suid-Afrika meer boeke in Nederlands gedruk as in Afrikaans.

Die enigste oplossing vir die probleem hoe om die ontwikkeling in Suid-Afrika vir die buitelanders te verduidelik, was om 'n inklusiewe benadering te volg. Omdat dit moeilik is om die *annus mirabilis* te vind en definitief vas te stel waar Afrikaans as taal van geskrewe en orale literatuur werklik sou begin ('n mens kan tussen verskillende drumpels kies: Afrikaans as *lingua franca*, as skryftaal, as boeketaal en so meer) het ek gekies vir die behandeling van die Suid-Afrikaanse skryfkultuur in sy totaliteit vanaf die begin, dus vanaf 1652 (die posklippe se opskrifte voor die tyd daargelaat!). Ek verstout my selfs om te sê dat ek eerder êrens by die benadering van F.C.L. Bosman of Elisabeth Conradie aansluit wat in die jare twintig en dertig belangrike histories-

kulturele studies geskryf het. Hulle boeke oor die ontwikkeling van drama en toneel en oor die Hollandse skrywers in Suid-Afrika verraai ook dat die outeurs inklusief te werk gegaan het en geen talige grense erken het nie. Maar so ver soos Siegfried Hui-gen wil ek ook nie gaan nie. Dié Stellenbosse wetenskaplike beskou die tekste wat in Nederlands in Suid-Afrika ontstaan het as 'n deel van die Nederlandse koloniale letterkunde.

Om die waarheid te sê was die kragmeting tussen Nederlands en Afrikaans wat in die verlede die belangrike vertrekpunt vir die literêre geskiedskrywing was, vir my geen werklike geskilpunt nie. As 'n mens jou streng aan die talige kriterium hou, word jy gelei na die gebaande weg waar daar op menige literatuurhistorikus baie slaggate wag en waar meer moeilikheid skuil as wat jy sou vermoed. Vir my was dit immers primêr om 'n siening op die saak te kry en om 'n punt te bereik van waaruit die literêrhistoriese proses in sy geheel beskou en op die beste manier aan die Europese leser verduidelik kon word.

Dit spreek vanself dat ek gaan kyk het na die moontlike modelle wat vir ander tale ontwikkel is om sodoende my eie literatuurgeskiedenis beter te komponeer. In die literatuurgeskiedenis word dikwels die estetiese konvensie toegepas. Dit is die dominante Europese tradisie. In hierdie konvensie word uitgegaan van die veronderstelling dat die tekste wat as literêr beskou word, gelees word volgens die estetiese norm wat die formele aspekte van die werk en sy poëtiese funksies benadruk.

Hierdie konvensie is die sterkste, maar nie die enigste nie. Daar is in die literêre historiografie nog twee ander lewendige tendense. Die een kan ons die teorie van die terugkaatsing noem: die literatuur word gesien as representasie van die kennis oor die sosiale en kulturele werklikheid: wanneer die skrywers bewus word van die veranderings wat gaande is in die samelewing, verander hulle hulle artistieke strategieë en prosedures. Die ander teorie is die antropologiese of sosiologiese een. Hier word die letterkunde beskou as die manier van ekspressie van die subjek, as middel om 'n sekere vorm aan sy eie identiteit te verleen. Die klem lê op die uitdrukkings-funksie van die teks en die sosiale aspek kom ter sprake wanneer eie identiteit gestalte kry in relasie tot ander mense.

In die praktyk, egter, word die tendense altyd gemeng. Wanneer oor die begin, die oorsprong van die skryfkuns in 'n bepaalde taal gepraat word, word die talige krite-rium dikwels gebruik. In Europa word gekyk na die eerste sinnetjies wat op die Latynse perkamente in die volkstaal neergeskryf is. In Suid-Afrika soek ons die eerste formulerings wat nader aan "Afrikaans" as aan Nederlands staan. Dit is interessant vir die taalkundige, maar nie vir my as letterkundige nie: dis gewoon 'n onbegonne taak om die Afrikaanse letterkunde hieruit te konstrueer. In latere periodes, wanneer die getal tekste bly aangroei, word hierdie taalkriterium met die histories-kulturele maat-staf aangevul. Dan word die semi-literêre geskifte bespreek, of werke wat belangrik geag word vir die latere kulturele of historiese ontwikkeling soos geskiedkundige

kronieke of briewe van bekende persone. En nog later, wanneer die hoeveelheid tekste oneindig groot word, is ons geneig om die literêre tekste van die nie-literêre te skei. Dan word partykeer die weerkaatsingteorie, en partykeer die antropologiese teorie gebruik, en as ons die hedendaagse letterkunde nader, word beroep gedoen op die estetiese konvensie wat die 20ste eeuse kanon gevorm het.

Ek het geprobeer om hierdie gevare tot 'n sekere mate vry te spring. *Historia literatury południowoafrykańskiej* is gevolglik nie opgebou volgens een kriterium of 'n mengelmoes van kriteria nie, maar rondom die poging om enkele Suid-Afrikaanse diskoerse te rekonstrueer. (Onder diskoers verstaan ek die patroonmatige manier van konstruksies van taaluiting waardeur in 'n dinamiese proses betekenis aan taalhandelinge toegesê word; die diskoers is histories en epistemologies bepaal.)

Die belangrikste en chronologies die eerste is die diskoers van die ontmoeting met die "ander" en die verkenning van die binneland en van die Afrikaanse grond. Daarop volg die diskoers van die oraliteit en die skrif en, ten slotte, die diskoers van die emansipasie van Afrikaans – die gemeenskaplike taal van mense van verskillende rasse, kulture en religieë.

Ek is oortuig dat ek deur hierdie aanpak dit reggekry het om die koloniale periode se literatuur op die beste manier voor te stel en die ontwikkelingslyne duidelik uiteen te sit.

In die omvangryke inleiding (45 bladsye) gaan ek dieper in op hierdie problematiek. Ek verduidelik hoekom ek die inklusiewe benadering voorstaan en ook die Nederlandstalige tekste insluit wat in Suid-Afrika ontstaan het in die VOC-periode, tydens die Britse bewind aan die Kaap en in die destydse Boererepublieke. In die loop van die drie eeue het in Suid-Afrika 'n legio tekste in verskillende Nederlands-vormige idiome ontstaan; hulle maak nog steeds 'n belangrike deel uit van die Suid-Afrikaanse literêre sisteem. Om dié rede vorm hulle 'n terrein wat by uitstek geskik is om die ontstaan en die ewolusie van die beeld van Suid-Afrika te analiseer. In die Nederlandse en later die Afrikaanse taalvorme tref 'n mens nie net die koloniale representasies van die eksotiese wêreld aan nie, maar ook 'n geleidelike oorgang tot die konstruksie van die beeld van die Suid-Afrikaanse wêreld as eie leefgebied van die nuut- en reeds-aangekome inwoners.

Die mees opmerklige is dalk my benadering van die sogenaamde taalbewegings. Eintlik hou ek nie baie van die term "taalbeweging" nie, maar gebruik dit tog om aan te dui dat dit oor die ontwikkeling en bestaan van 'n taal gaan, en veral om die taalemansipasie. Ek herhaal – die manier waarop 'n taal bestaan en funksioneer, en die emansipasie. Dis hoekom hierdie siening van die verlede aktueel kan wees.

Ek doen in my boek afstand van sowel die tradisionele as die alternatiewe aanpak. Of anders gestel: ek probeer om die nadele van die twee benaderingswyses te ontwyk en die voordele beter tot hul reg te laat kom. Die resultaat was dat ek alle pogings gegroep het rondom enkele georganiseerde optredes, bewegings, aksies en veld-

togte en die volgende benamings daaraan gegee het: Oosgrenstaalbeweging, Maleier-Afrikaanse Taalbeweging, Sendingbeweging van die Morawiese Broeders, Afrikanertaalbeweging en Hollandse Beweging.

Aan die een kant mag 'n mens nooit vergeet nie dat dit op die ou einde die Afrikaner se pogings was wat die literatuur help ontwikkel het. Omdat die taal die belangrikste komponent van die Afrikaner se identiteit uitgemaak het en geleidelik met die magsentrum saamgeval het, het die letterkunde in hierdie taal ontwikkel. Kwantitatief en kwalitatief kom die belangrikste deel van die Afrikaanse letterkunde op die rekening van die Afrikaner. Maar in hierdie proses het 'n toe-eiening plaasgevind. As 'n mens die taalgeskiedenis nugter beskou, sien jy dat Afrikaans baie lank vir "Hotnotstaal", kombuistaal en verbasterde idioom deurgegaan het. Om van hierdie "stigma" ontslae te raak, is die taal as eksklusiewe taal van wit mense voorgestel. Dieselfde met die letterkunde. Maar 'n mens mag nie vergeet nie is dat daar ander potensiële ontwikkelingslyne was wat in 'n sekere stadium om verskillende redes tot stilstand gekom het. Ook dit maak die rykdom van die literêre tradisie.

Wat is die verskil en waar is die ooreenkomste? My voorstelling van die Afrikanertaalbeweging kom *grosso modo* ooreen met die ou formule van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, maar terselfdertyd ook met die alternatiewe siening daarvan. Aan die een kant hanteer ek die onderverdeling in stadia soos Bybelvertalingsbeweging, Beweging van die Genootskap van Regte Afrikaner en die Afrikanerbondbeweging, maar uit die alternatiewe beskouing het ek die Afrikaans-Maleier Taalbeweging en die Hollandse Beweging oorgeneem. Nuut is die erkenning van die inspanning van die Morawiese Broeders vir die ontwikkeling van onderwys in Suid-Afrika, die alfabetisering van die Khoekhoen en later die bruin mense. Afgesien daarvan hoe 'n mens die aktiwiteite op die Herrnhutters se sendingstasies omskryf, moet dit vir almal duidelik wees dat binne die religieuse, ekonomiese en kulturele oordrag deur middel van onderwys, eie koerante en selfgemaakte studieboeke, die verafrikaanse Nederlandse taalvorme – waaronder ook "Genadendal Dutch" – 'n baie belangrike rol gespeel het. Sonder die taalbeleid van die Herrnhutters was die kennis van Nederlands en vandag Afrikaans onder die bruin gemeenskap baie kleiner.

Suid-Afrikaanse studies

Die mense wat my hoor praat of my Afrikaans lees wonder dalk hoekom hulle deur 'n Pool in Afrikaans aangespreek word? Hoekom stel iemand uit 'n verre oorsese land belang in Afrikaans? Die antwoord lê dalk in die uitlating van Jan Rabie, die bekende Sestiger wat eenkeer gesê het dat Afrikaans die grootste veelrassige prestasie van Suid-Afrika is. Maar daar is ook ander minder verhewe redes, soos my doseerwerk. Daar is deesdae twee tersiêre instellings in Pole waar 'n mens Afrikaans kan leer: die een is die Universiteit Wroclaw waar dit in die kader van Neerlandistiek plaasvind,

die ander is die Adam Mickiewicz-Universiteit in Poznań. In Poznań het ons drie jaar gelede met die nuwe studierigting “Suid-Afrikaanse Studies” oftewel “South African Studies” begin. Die kurrikulum omvat talige, literêre en kulturele komponente. Daar word naas Afrikaans ook South African English aangebied en oor die afgelope jare was daar selfs die moontlikheid om basiese Sesotho te leer. Die literêrhistoriese vakke omvat sowel Afrikaanse as Engelstalige literatuur van Suid-Afrika. Die kulturele studies gaan dieper in op aardrykskundige, historiese, politieke en ander fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing, vandag en in die verlede. Die kurrikulum van hierdie driejarige BA-studie is, soos u kan aflei, omvangryk en veelsydig.

Daar is talle moontlikhede om die vraag te beantwoord oor hoekom die Suid-Afrikaanse spesialisasie in Pole aangebied word: wie wil dit studeer en waarom? Eerstens wil ek sê dat die jongmense dalk nie altyd so materialisties is soos party kritici van die jong geslag beweër nie. Baie van hulle kyk nie net mooi na die toekomstige moontlikhede om ’n goedbetaalde betrekking te kry nie, maar wil intellektuele uitdagings aanvaar, hulself verder ontwikkel en die wêreld van vandag beter begryp. Dis hoekom daar by ons studente wat die Suid-Afrikaanse spesialisasie kies nie net raakpunte voorkom met Engels nie, maar partykeer ook met regte, politieke wetenskappe en antropologie. Ons ervaring is nog nie groot nie, maar die aantal studente groei elke jaar: ons het met ses begin, die aantal eerstejaars vir 2006/2007 is reeds 16.²

Wat die Afrikaanse kursus aan die Universiteit Wrocław betref – waar dit as “Inleiding tot die Afrikaanse taal, literatuur en kultuur” aan die vierdejaarstudente van Nederlands vir twee semesters aangebied word – lê die getal gewoonlik tussen agt en veertien, maar in 2004 het byvoorbeeld net vyf ingeskryf.³

Wat besiel mense soos ek en my naaste medewerkers in Pole dat ons ons met Suid-Afrika besighou? Dit is dalk die tweede vraag waaroor die Suid-Afrikaners hulle verwonder. Goeie wyne, lekker kos en gasvrye mense is baie belangrik, maar daarmee kan ’n mens in aanraking kom bloot as toeris aan die suidpunt van Afrika. Hiervoor hoef jy geen spesialis te word nie: vakansie-hou is voldoende. Om die werklike redes uiteen te sit, laat my met die algemene stelling begin dat die universiteit se taak – altans soos ek dit sien – daarin bestaan om mense vir die toekomstige en volwasse lewe voor te berei. Universiteite is geen beroepskole nie of behoort dit nie te wees nie. Ons is eerder besig om ons studente te begelei by die aanleer van ’n aantal vaardighede en by die verwerf van kennis wat hulle nodig sal hê in hul toekomstige loopbaan. Die inligting wat ons verstrekk en die vaardighede wat ons die studente laat aanleer, is gedeeltelik prakties, en bevat kwalifikasies wat hulle direk in hul werking kan gebruik. Gedeeltelik gaan dit om die kweek van vaardighede en kapasiteite wat nie op die geskooldeheid van die persoon gerig is nie, maar op die mens self. Dit is duidelik die regte ding om te doen omdat die arbeidsmark se vereistes gedurig bly verander en die mense dus beter sal kan vaar as hulle vanaf die begin van hulle loopbaan weet hoe om aan te pas en hoe om hulle vermoëns volledig te benut.

Hierdie taak vervul ons hoofsaaklik deur ons studente op te lei, maar ook deur hulle op te voed. Dis miskien een van die miskende aspekte van die tersiêre instelling se missie. Maar as 'n mens jou met die geesteswetenskappe besighou, is al jou inspanning as dosent op die ou end daarop gerig om uit die jongmens' n denkende wese te maak wat die kompleksiteit van die *conditio humana* verstaan en uiteindelik goed gekondisioneer word om die omringende wêreld te verstaan en, waar nodig, te verander. Ons doen dit deur middel van Afrikaans en Suid-Afrikaanse Studies.

Hoekom? Daarop is net een antwoord moontlik – die Suid-Afrikaanse werklikheid bied wat bogenoemde oorwegings betref bykans onbeperkte didaktiese moontlikhede. Of jy die verlede of hede neem, jou met die talige of kulturele werklikheid besighou, of die politieke of ekonomiese problematiek analiseer, jou stellings kan op verskillende maniere vanuit die Suid-Afrikaanse werklikheid geïllustreer word.

Wil 'n mens die nuutste tendense van die veelbesproke globalisering of multikulturaliteit illustreer, geen probleem nie – Suid-Afrika neem in die historiese voorhoede van daardie tendens 'n belangrike plek in. Vanaf die begin van die blanke nedersetting, en eintlik nog daarvoor, het hierdie gebied 'n toestroming geken van mense van uiteenlopende ras, etnisiteit, religieë, tale en kulture. Tot vandag sien 'n mens dit baie duidelik in die Suid-Afrikaanse kultuur. Die “boeremusiek” het sy wortels in *krontjong* – die Javaanse musiek wat vanaf die 16de eeu uit Maleise en Portugese elemente begin ontstaan het. Die “velskoene” van die boere of die “biltong” kom van die San en Khoekhoen se tradisie van kleredrag en kosmaak. Karakteristieke geregte van die Suid-Afrikaanse kombuis soos “sosatie”, “bredie” of “bobotie” het die Oosterse slawe na Afrika gebring. *Atjar* was ook reeds aan die begin van die 19de eeu onontbeerlik op die wit mense se tafels.

Ook die tale van Suid-Afrika het mekaar in baie opsigte leksikaal bevrug iets wat die Suid-Afrikaners baie beter as ek ken. Toe ek jare gelede die studie van G. S. Nienaber *Afrikaanse woorde in Xhosa* (1948) aangekoop het, het ek my verwonder. Nou nie meer nie. Afrikaans self is verryk deur woorde uit die Khoi-tale en tale wat die slawe gepraat het (Maleis, gebroke Portugees en sovoorts). In die baie Engelse Durban het ek 'n paar jaar gelede 'n reklame op 'n padstalletjie gesien “Lekker sweet nartjies” – en dit was in Engels! Suid-Afrikaans Engels kan nie bestaan sonder “lekker” en “veld” nie. Outeurs soos Athol Fugard en selfs J. M. Coetzee kan nie in Engels skryf sonder 'n klomp Afrikaanse woorde en uitdrukkings nie. Dis genoeg om na die uitgawe van *Dictionary of South-African English* (1980) van Jean Branford of *Dictionary of South African English on Historical Principles* (1996), geredigeer deur Penny Silva, te kyk om oortuig te raak van die baie aktiewe wisselwerking tussen Afrikaans en die plaaslike weergawe van Engels. Afrikaanse woorde van Maleise oorsprong soos “piering” en “baie” is reeds in die 19de-eeuse Nederlands deur die koloniste in gebruik geneem. Baie liedere uit die folklore van die Kaapse bruin mense het die ou Nederlandse tekste behou. Ook die gebruik om die bruid onder die spieël te laat sit, het die Kaapse

Maleiers van die Franse Hugenote oorgeneem. Talle verskynsels uit die religieuse praktyk in die Suid-Afrikaanse Islam asook sy lokale mistiek kan moeilik losgekoppel word van die *voodoo*-, animisme- en hindoeïsme-invloede. En – laaste maar nie die minste nie – ’n ander vorm van kruisbestuwing kom staan in die letterkunde voorop: wie die boeke van J. M. Coetzee lees sonder kennis van die Afrikaanse plaasroman, kan net die helfte van hulle betekenis begryp.

Ek vra: kan dit nog meer multikultureel? Kan dit nog meer kompleks?

Die Republiek van Suid-Afrika is nie net “die hele wêreld in een land” – soos dit oorsee met verwysing na die plaaslike biodiversiteit bemark word nie – maar ook die eerste, tweede en derde wêreld in een en dieselfde land. Met ander woorde, jy kan as dosent die baie ingewikkelde sosio-politieke en ekonomiese probleme van vandag met die verskynsels uit hierdie land illustreer.

My persoonlike *idée fixe* is om studente so ver te bring dat hulle deur die proses waarin hulle kennis verkry oor Suid-Afrika, hulle eie vrae begin vra oor hul identiteit as mense, as Europeërs, as Pole.

’n Mens kan enkele ander voorbeelde noem wat verder strek as die bogenoemde algemene stelling. Hulle kom uit my eie ervarings, maar is al deur herhaling tydens didaktiese proses in ’n hoë mate geobjektiveer.

Daar is talle ooreenkomste tussen lande wat hulle in transformasie op verskillende vlakke bevind. Pole en Suid-Afrika het begin jare negentig – omstreeks dieselfde tyd – aan ’n baie groot verandering van die politieke en ekonomiese stelsel begin. In beide lande was dit vir ’n deel van die bevolking moeilik om die bedreigings wat die nuwe altyd met hom meebring sonder meer te aanvaar. Maar die gevoel dat daar verandering moet kom, het uitgeloop in die rondetafelgesprekke in Pole en in Kodesa-gesprekke in Suid-Afrika. In beide lande is daar ’n sekere konsensus bereik en die nuwe is deur die oorgrote meerderheid van die bevolking as uitdaging en ontwikkelingsmoontlikhede beskou.

As Suid-Afrikaners vir my begin vra hoe die jongmense in Pole na die transformasie kyk, dan antwoord ek: daar is reeds ’n nuwe generasie wat nie meer weet hoe dit in die vorige bedeling was nie. Hulle sien nie die verskil nie. Dit wat ons oueres – en hierdie term omvat reeds mense wat veertig is – as ’n nuwe stadium in die land se geskiedenis beskou, is vir hulle die normale lewe, die status quo, hulle weet nie van anders nie. Dit vra van die dosent nogal inspanning om sy eie verwysingskader te relativer en nuwe metodes te ontwikkel om die jongmense te bereik. ’n Kollega en ’n baie bekende Poolse wetenskaplike, prof. Jerzy Axer, het in ’n onderhoud vertel van ’n snaakse didaktiese ervaring toe hy slegs met moeite kontak kon maak met die jong dramastudente, want hy het skielik voor die probleem gestaan: hoe moet ek met mense gesels wat geeneen van die boeke gelees het wat ek gelees het nie? Ons verwonder ons almal, erger: ons sal ons bly verwonder. Maar dit help niks nie, daar moet nuwe patrone, verwysingskaders en raamwerke gemaak word om die oordrag van

kultuur, vaardighede en wetenskap moontlik te maak. Wie weet, dalk is die omleiding deur die ander, die vreemde of die eksotiese die regte pad soontoe. Ek kom terug op my *idée fixe* om die studente aan die vreemde bloot te stel ten einde hulle oor die eie te laat nadink. Wat op die eerste gesig eksoties en anders is, blyk by nadere beskouing in wese vertroude kenmerke te dra. Reaksies op die politieke kentering van die afgelope jare is net een van die voorbeelde.

Daar is historiese parallele ook. Neem as voorbeeld die Soweto-opstand in 1976 waarin skoolkinders reeds vanaf Januarie begin protes aanteken het oor Afrikaans wat die regering as voertaal wou introduceer. Afrikaans, die taal van die politieke vyand, is toe as teiken gekies. Hierdie gebeurtenis roep by Poolse studente die beeld op van die skoolstaking in 1901 in die stadje Września in Wielkopolska waar kinders teen die gedwonge germanisasie dit wil sê verduitsing geïntestesteer het; Duits was toe mos taal van die Pruisiese owerheid wat daardie deel van Pole reeds aan die einde van 18de eeu geannekseer het. Maar hierdie historiese voorval uit die Poolse taalstryd roep tegelyk 'n ander prentjie op – hierdie keer uit die geskiedenis van die Afrikaners: wanneer Poolse kinders verbied is om selfs tydens die pouses op die skoolterrein Pools te praat, laat dit 'n mens eweneens dink aan die Afrikaanse kinders wat vir donkies uitgeskel is omdat hulle Afrikaans en nie Engels gepraat het nie.

Dit bring mens uit by 'n moeilike maar uit didaktiese oogpunt 'n baie interessante saamvloei nie net van assosiasies nie, maar ook van identifikasies. Wat ek 'n aantal jare gelede self beleef het, wil ek ook met my studente deel. As jy as Pool die Boere se lydensgeskiedenis leer ken, ontwikkel 'n mens op 'n spontane manier 'n soort empatie. Nie anders nie is dit wanneer jy die swart en bruin mense se lydensgeskiedenis verken. Ook dan begin jy jou met die martelaarskap van hierdie mense identifiseer.

Die probleem is dat die student 'n soort dubbele vereenselwiging ervaar of 'n identifikasie beleef wat pendel tussen etniese groepe, gemeenskappe, historiese feite en hulle interpretasies. Aan die een kant sien hy ooreenkomste tussen die Boere se stryd en Poolse opstande teen die groot moondhede wat die land beset, maar aan die ander kant voel hy hom emosioneel aangeraak deur die stryd. Hierdie psigiese situasie kan 'n mens goed gebruik binne die didaktiese konteks.

Maar hoe kan 'n mens hierdie twee gevoelens tot 'n eenheid bring as jy bykans orals in die geskiedenisboeke die twee stories teenoor mekaar uitgespeel sien? 'n Mens problematiseer hier onmiddellik die historiografiese opvattinge soos hulle oor die eeue gevorm is. Dalk is die historici nie heeltemal reg nie? Is daar nie ook 'n storie van samewerking wat nog nie geskryf is nie? Samewerking tussen die Voortrekkers en swart stamme? En wat van byvoorbeeld die voortrekker Louis Trigardt wat aan die grens van die Kaapkolonie van Xhosa-hoofman Hintsa grond gepag het? Trouens reeds tydens 'n vinnige lees van sy dagboek leer ons dat verskillende vorme van samewerking meer dikwels voorgekom het as die historici vir ons wil vertel. (Vir my is die beskrywing van 'n drinkgelag toe hierdie Voortrekker met 'n swart man bier

drink en vir mekaar uitvra of dit al begin werk besonder treffend.) Was daar nie samewerking tussen Pole en Duitsers of Pole en Russe nie? Ek begelei my studente in daardie proses, maar hulle moet ten slotte self tot insigte kom en beter begrip ontwikkel. Ek gee geen klinkklare antwoorde of voorskrifte nie.

Die punt wat ek nou gemaak het, kan nog geïllustreer word met 'n ander voorbeeld waarmee ons direk oorgaan na die kontakte tussen Afrika en Pole wat ook in die klasse ter sprake kom.

Dit maak altyd 'n geweldige indruk op die studente wanneer hulle te wete kom dat aan die grondslag van die Poolse staat en sy erkenning in Europa 'n lans uit Afrika lê. Moeilik om te glo! Otto III, keiser van die Heilige Romeinse Ryk, het op advies van die pous Silvester II, hierdie speer vir die Poolse prins gegee. Ek praat oor 'n vorm van *lancea sacra* waarvoor die speer of lans van die heilige Mauritius (in Pole bekend as *włócznia św. Maurycego*) kan deurgaan. Hierdie legendariese speer bestaan uit verskillende lae en elemente waarvan een die spyker is waarmee Christus aan die kruis genael is. Dit was die eiendom van die heilige Mauritius van Augaunum (?–302) – 'n Romeinse soldaat en Christenmartelaar, maar 'n swart man, gebore in Noord-Afrika. Die Duitse keiser het 'n gebruik ingevoer om 'n kopie van die speer aan bevriende vorste te gee. Hierdie gebaar het vinnig die betekenis gekry van die erkenning dat die betrokke land nie meer 'n heidenland is nie. Die spies wat uit Noord-Afrika, dalk Ethiopië, vandaan kom, behoort dus tot die eerste *regalia* van die Poolse konings en het die ontstaan van Poolse staat bevestig. Kom ons sê: die Afrika speer, geskenk van 'n Duitser, het in die jaar 1000 simbool geword dat Pole tot die beskaafde Europa behoort.

Trouens, die beeld van die Afrikaan was nie altyd so negatief soos dit moet blyk uit die verklaring van 'n monnik uit Kielce in 1461 dat hy die duivel gesien het in gestalte van 'n swart Afrikaan nie! 'n Mens moet altyd onthou dat ook 'n baie positiewe beeld van die swart mens deur die Christelike ikonografie oorgedra is – onder die drie wyse manne wat uit die Ooste gekom het om na die nuutgebore Jesus te soek, was een pikswart.

Een van die spektakulêre voorbeelde van die multi-kulturele, multi-religieuse en veerlassige voedingsbodem waaruit Afrikaans ontstaan het, tref ons in die tradisie van Arabies-Afrikaanse tekste aan. Geen wonder nie dat ek daaraan in my klasse taamlik baie tyd bestee. Dit is elke keer vir die Poolse studente 'n totale verrassing as hulle te wete kom dat daar aan die begin van die skriftelike geskiedenis in Afrikaans 'n klomp tekste in die Arabiese skrif ontstaan het.

Die idee om Arabies te gebruik by die opteken van 'n nie-Arabiese taal het die Kaapse Moslems oorgeneem van die Maleiers wat in besit was van die *jawu*-tradisie dit wil sê die Arabiese alfabet ontwikkel het om die Maleise taal op te skryf. Arabies en *jawu* was nog gebruik in die skooltjie (*madrasah*) by die "Eerste Moskee" (*Auwal Moskee*) wat in Kaapstad in Dorpstraat 37 in 1794 opgerig is. Maar reeds vanaf 1815 is daar verafrikaanste vorme van Nederlands gebruik as voertaal – die leraars het oorgeskakel

na hierdie medium wat hulle leerlinge beter verstaan het omdat dit hulle moedertaal was. Sedert daardie tyd het verskillende tekste begin ontstaan waar die 19de-eeuse Afrikaans in Arabiese skrif opgeteken is. Wetenskaplikes aanvaar dat reeds rondom 1838 'n medium gevorm was wat deur die Arabies-Afrikaanse literatuur gebruik is. Met die koms van Abu Bakr Effendi in 1862 het hierdie tradisie nuwe impulse gekry. Daar het ook in die tweede helfte van die eeu tegniese moontlikhede bygekom om tekste in die Arabiese tekens in Suid-Afrika te laat druk. In totaal omvat die Arabies-Afrikaanse literatuur grootliks die periode 1815–1915 en bykans 75 boeke en ander tekste. Daarnaas was ook 'n kleiner tradisie onder die Moslems om Afrikaanse tekste in die Latynse skrif uit te gee. Daar is die bestaan van 19 van hierdie tekste vasgestel. Na die geskryfte gepubliseer in Latynse karakters is verwys as geskryf in “gemixte taal”, in “Hoelansieke taal” (Hollands) of in “Falamank” (Vlaams). Soos Achmat Davids dit stel het die Kaapse Moslemgemeenskap in die jare twintig van die 20ste eeu danksy hierdie twee skriftradisies tot die mees geletterde Moslemgemeenskappe in die wêreld behoort.

Hierdie tendens binne die ontwikkeling van die Afrikaanse taal het vir 'n lang periode in die vergeetheid geraak. Uitsluiting het plaasgevind omdat die Afrikaanse taal deur die blanke Afrikaners beskou is as die belangrikste kenmerk van hul identiteit. By die vorming van die identiteit van hierdie bevolkingsgroep het die leiers, politici en historici eksklusief te werk gegaan. Die taal is deur die Afrikaners as 't ware opgeëis in hul poging om 'n eie volk te vorm. Op hierdie wyse is merendeels van die moedertaalsprekers van Afrikaans – dit wil sê die bruin mense en in hierdie groep ook die Kaapse Moslems – uitgesluit.

Maar moenie dink dat Afrikaans op hierdie gebied uniek is nie. Ook die Poolse taal ken 'n vergelykbare skriftelike tradisie wat om ander redes baie min bekend is. Vir my studente is dit een van die grootste verrassings dat Poolse Tartare ook gebruik gemaak het van die Arabiese tekens toe hulle Pools geskryf het. Die Tartare wat Moslems is en waarvan 'n minderheid nog steeds in die Ooste van die huidige Pole leef, het hulle reeds in die 14de eeu in die Koninkryk Pole begin vestig. Twee latere belangrike instromings Tartaarse setlaars dateer onderskeidelik uit die 15de en uit die tweede helfte van die 16de eeu. Hulle het hulle gevestig in die oostelike gebiede van die land wat toe 'n unie gevorm het met Litawe en 'n belangrike dele van die huidige Witrusland en Oekraïne omvat het. Die Turkse historikus Ibrahim Pasha Peczewi (?–1640) het melding gemaak van die vroegste tekste van daardie soort wat in die twintigerjare van die 17de eeu ontstaan het. Die religieuse oplewing tydens die Renaissance, invloed van die Reformasie, die ontwikkeling van nasionale tale en die beskikbaarstelling van die Bybel in die volkstaal lê dalk ten grondslag van die ontstaan van die Pools-Tartaarse geskrifte.

Dit was oor die algemeen vertalings van oorspronklik Arabiese en Turkse tekste soos die verhale oor profete, religieuse legendes, verklarings van die Moslemrituele

en ook interpretasies van die Koran. Op hierdie punt is daar nie groot verskil met die Arabies-Afrikaanse literatuur wat basies dieselfde soorte tekste omvat nie. In die hiërargie van tale wat die Poolse en Kaapse Moslems geken en gebruik het, is daar ook sekere ooreenkomste. Arabies was in beide gevalle die heilige taal van die Koran. Ook ander tale het 'n bepaalde religieuse prestige geniet: Maleis in Suid-Afrika en Turks in Pole. Die verafrikaanste Nederlands het dieselfde gebruiksvriendelike funksie van *lingua franca* gehad as Pools met partykeer noemenswaardige Witrussiese invloede. Soos in geval van Arabies-Afrikaanse tekste het ons ook in Pools-Tartaarse geskifte te make met die fonetiese weergawe van die gesproke taal: danksy die aanpassing van die Arabiese alfabet aan 'n taal uit 'n ander taalfamilie, is die uitspraak van die toenmalige mense goed bewaar. Vir die taalkundiges bevat dit 'n onskatbare bron van inligting.

Die les wat 'n mens uit hierdie aangrypende voorbeelde kan trek, is dat Islam nooit iets heeltemal vreemds aan die Westerse kulture was nie. Daar is talle wedersydse invloede en kruisbestuivings wat in die palimpses van die kultuur nog goed sigbaar is: 'n mens moet net wil kyk en raaksien!

Laat my afsluit met die laaste voorbeeld waarmee die dosent van die Suid-Afrikaanse spesialisasie en veral die dosent van Afrikaans en Afrikaanse literatuur sy aanbiedingswyse kan verryk. Moedertaal vorm altyd 'n belangrike kern van ons individuele identiteit. Taal word ook dikwels die mees relevante bestanddeel van die nasionale of etniese identiteit. Vanuit hierdie persepsie word dikwels na die begin van die taal gekyk. Maar as ons die oudste sinnetjies wat aan die begin van die skriftelike tradisie geplaas word, beter analiseer, is dit duidelik dat hulle nie van die ras- en volksgenote en selfs nie van die taalgenote stam nie.

Wat Afrikaans betref, kom die oudste geskrewe uitlatings nie van die blankes nie, ten spyte van die feit dat hulle die taal aan die einde van die 19de eeu begin opeis het. Die outeur van enkele sinne wat in 1671 opgeteken is, was 'n Khoi-man wat met die dood gedreig is en wat toe gesê het: "Was Makom? Duytsman altyt kallom: Icke Hottentots doot makom: Mashy doot, Icke strack nae onse groote Kapiteyn toe, die man my soon witte Boeba geme." ("Wat maak jy? Duusman sê altyd: Ek maak Hottentotte dood. Maskie dood! As ek sterf, gaan ek reguit na ons Groot Kaptein toe. Die man sal my mooi wit osse gee.") Die ander uitlating kom uit 1710: "Ons denkom ons altyt Baas, maar, ja zienom, Duitsman meer Baas" ("Ons dink ons is altyd Baas, maar sien Witman is meer Baas.")

In die Poolse geval is daar drie sinne wat uit die einde van die 12de en begin 13de eeu dateer en waarvan slegs een *gorze sie nam stalo!* ("n ongeluk/ramp het ons oorkom!") van die Poolse prins Hendrik die Vrome kom. Twee ander soos *biegajcie, bieagajcie* ("gee pad", "vlug") uit 1241 en *daj, ac ja pobrusze, a ty poczzywaj* ("gee vir my, ek gaan die maalstene maal en jy rus") uit 1270 kom van uitlanders, respektiewelik 'n Tartaar en 'n Tsjeg.

In al bogenoemde voorbeelde, wat slegs 'n seleksie vorm van die moontlike parallelle en vergelykings, speel ek steeds met die gedagte om die studente deur middel van die vreemde hulle eie realiteit te laat problematiseer. Anders dus as by die Poolse kroniekskrywer Jan Dlugosz, wat in 1463 'n karakteristiek van Pole en Europa gegee het deur dit met Afrika te kontrasteer: Pole en Europa is alles wat Afrika nie is nie.

Kom ons sê dat baie van my klasse aangebied word onder die motto "dit is nie altyd soos dit lyk nie". In hierdie proses word die Suid-Afrikaanse realiteit vir die studente minder eksoties en begin dit vertroude kenmerke vertoon. Tegelyk moet hulle besin oor die eie bekende omgewing en die vraag begin vra of die gebruikelike persepsie waaraan hulle gewoon geraak het, altyd reg is. En juis hierin lê die meerwaarde.

'n Lesing soos hierdie, maar veral 'n gedenklesing behoort 'n mens geestig af te sluit. Altans dit is die verwagting van die publiek. Dit is ook wat die spreker van homself verwag. Maar aan my verhaal kom geen slot nie. Die slot is oop – soos dikwels in die moderne letterkunde. Die werklike rede is dat my geselsie met Nienaber, my gesprek met die Afrikaanssprekendes, my diskussie oor Afrikaans voortduur – daar is baie werk om te doen. Die slot van my literatuurgeskiedenis bevat tog 'n terugkoppeling na Nienaber. Agter in die boek is daar 'n bibliografie, eintlik net 'n beskeie seleksie van die boeke wat ek tydens die skryf gelees en gebruik het. P.J. Nienaber is daar prominent aanwesig met die literatuurgeskiedenis wat hy saam met sy broer geskryf het, *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde (vanaf die begin tot aan die einde van die 19de eeu)* (1941). Verder staan daar vermeld *Ons eerste digters* (1941), *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika* (1943) en *Eerste sooie* (1975). Ek kan bykans sê dat Nienaber in sy hoedanigheid van Professor in die Vroeë Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde (hierdie pos het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand bekleë) 'n soort beskermer van my werk was: ek het immers oor die literatuur tot 1900 geskryf. Maar nou ja, ek weet u wil 'n beter slot hê, een wat goed sluit. Ek kan dus nie anders as om u dit te gee nie. Hier is die werklike afsluiting van my lesing – toe ek aan hierdie gedenklesing gewerk het, het ek einde Januarie 2005 die bevestiging gekry dat die Poolse minister ongeveer R10 000 bewillig het vir die publikasie van die tweede deel van my literatuurgeskiedenis wat nog nie bestaan nie. Maar die begin is gemaak en daar is nog baie, baie werk.

Aantekeninge

1. Hierdie artikel is die verkorte en bygewerkte teks van die vyfde P.J. Nienaber-gedenklesing gelewer op 4 Maart 2005 in Potchefstroom en geborg deur die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN).
2. In 2005 was daar 12 kandidate en in Oktober 2006 het 18 aangemeld.
3. Vir die akademiese jaar 2006–2007 is daar 40 inskrywings vir die een semesterkursus "Praktiese Afrikaans".

Bronnelys

- Antonissen, R. 1946. *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche letterkunde*, deel I (Studie), deel II (Bloemlezing). Diest: Pro Arte.
- Axer, Jerzy. [A]. Komandosi edukacji. <http://obta.uw.edu.pl/obta/axer/wywiady/wywiad_gazeta_2.html> Besoek: 31.01.2005.
- Bosman, F. C. L. 1928. *Drama en toneel in Suid-Afrika, 1652-1855*. Amsterdam: J. H. de Bussy.
- Branford, J. 1980. *A Dictionary of South African English*. Cape Town, New York: Oxford University Press.
- Chapman, M. 1996. *Southern African Literatures*. London, New York: Longman.
- Conradie, E. 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. 'n Kultuur-historiese studie. Deel I (1652-1875)*. Pretoria, Kaapstad: J. H. de Bussy & HAUM.
- Davids, A. 1991. *The Afrikaans of the Cape Muslim from 1815 to 1915. A Socio-Linguistic Study*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Natal.
- Dekker, G. 1960⁵. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- Heywood, C. 2004. *A History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huigen, S. 2006. *Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde 1652 tot 1925*. In H. P. van Coller, (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 3–42.
- Jankowski, H. & Lopicz, C. 2000. *Klucz do rajy. Ksiega Tatarów litewsko-polskich z XVIII wieku*, Warszawa: Wydawnictwo Akademickie Dialog.
- Kannemeyer, J. C. 1993. *A History of Afrikaans Literature*. Transl. Elaine Ridge. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.
- Koch, J. 2004. *Historia literatury poludniowoafrykańskiej. Literatura afrikaans XVII-XIX wiek*. Warszawa: Wydawnictwo Akademickie Dialog.
- Nienaber, C. J. 1946. *Keerweer*. Kaapstad, Bloemfontein, Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Nienaber, G. S. 1948. *Afrikaanse woorde in Xhosa*. [Pietermaritzburg]: Natalse Universiteitskollege.
- Nienaber, P. J. 1938. *Die Afrikaanse roman-tematologie*. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger Boekhandel & Uitgeversmaatschappij.
- _____. 1941. *Ons eerste digters*. Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- _____. 1943. *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*. Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- _____. (red.) 1951. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- _____. 1975. *Eerste sooie*. Doorenfontein: Perskor-Uitgewery.
- _____. & Nienaber G. S. 1941. *Geskiedenis in die Afrikaanse Letterkunde (vanaf die begin tot aan die einde van die 19de eeu)*. Pretoria: J. L. van Schaik.
- Ntuli, D. B. & Swanepoel, C. F. 1993. *Southern African Literature in African Languages: A Concise Historical Perspective*. Pretoria, Johannesburg: Thorold's Africana Books.
- Penny, S. (ed.) 1996. *A Dictionary of South African English on Historical Principles*. Oxford, New York: Oxford University Press (in association with the Dictionary Unit for South African English).
- Suid-Afrikaanse studies. [A] Kurrikulum van die Suid-Afrikaanse studies aan die Adam Mickiewicz Universiteit in Poznań, Pole. <http://ifa.amu.edu.pl/fa/files/BA_summary_table.pdf> Besoek: 31.01.2005.
- Van Coller, H. P. (red.). 2006. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Van Wyk Smith, M. 1990. *Grounds of Contest: A Survey of South African English literature*, Kenwyn: Jutalit.